# Puik CD hopelik begin van nog baie

Die Potch-trio, inwonende kamerensemble van die Noordwes-universiteit, se opnames het aanvanklik op die internasionale Koch-etiket verskyn, maar toe dié maatskappy van die toneel verdwyn, is besluit om met 'n eie etiket voort te gaan, Potch Trio Productions, om opnames wat reeds gemaak is, uit te reik. 'n Mens hoop, as die jongste produk as maatstaf dien, dat talle CD's sal volg.

Die opname van die kleinkuns van die Armeense komponis Arno Babadjanian en Peteris Vasks van Letland is voortreflik, tegnies en artistiek. Die trio is kundige kamermusici wat die konstruksie van die fassinerende werke kén, en presies verstaan waar solistiese inspraak effektief die betowerende ensemble-spel kompleteer.

Babadjanian se *Klaviertrio* van 1953 is van sy bekendste werke. Die inleiding klink of die drie instrumente op soek is na mekaar.

Spoedig bot die onbaatsugtige temas in 'n Romantiek waaruit die Oosblok-komponiste, saam met hul Russiese eweknieë, nooit werklik kan ontsnap nie.

Die *espressivo* van die eerste deel stuur af op 'n kragtig-melodieryke opwelling waarin die musici hul met oorgawe begewe. Armeense volksmusiek is propvol tintelende wysies, meestal in die donker sigeuner-trant, soos ook indertyd behendig deur Khatsjatoerjan geïnkorporeer.

Koornhof begin die *Andante* met sublieme spel in 'n lang gedrae frasering. Die beweging bou op tot 'n weerbarstige klimaks, waarna die afloop in romantiese ligspieëling wegkwyn met die viool net-net swewend bó die tjello en klavier.

Die slotbeweging is ritmies rapsodies en 'n hoogs opwindende finale à la die uitbundige danse van landsvolk. Dit is tog sporadies onderlê deur die sterk melodiese kontoere. Die malse ritmiese "Spaanse" gevoel word onderbreek deur 'n dramatiese episode net voor die werk soos 'n tolbos einde toe rol.

Vasks se *Episode e canto perpetuo* is 'n misterieuse werk wat onverpoos in golwende klankbeelde boei. Die onderskeie episodes word in Koornhof se aantekeninge beskryf, aan die hand van Vasks se eie verduidelikings. Dit is net 'n deel van die storie – die fassinasie lê in klankonthulling wat herinner aan 'n Messiaen, aan wie die werk opgedra is.

Die musiek groei in die geheue met elke luister, ook vanweë die spel met toegewyde oorgawe.



**Die Potch-trio – Koornhof , Coetzee & Du Toit . . . spog-ensemble met waagmoed.**

■ **BABADJANIAN:** ***Klaviertrio*** **(1953) ; VASKS:** ***Episode e canto perpetuo*****. Die Potch-trio – Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello) & François du Toit (klavier). PTP (Potch Trio Productions).**

---

***boheme*** **word binnekort deur Pro Musica in Roodepoort opgevoer. Watter ander Italiaanse komponis het dieselfde verhaal gebruik en 'n opera met dieselfde titel gekomponeer?**

Stuur die antwoord, duidelik aangedui **Encore Opera**, na Klankkuns @ Plus, Beeld, Posbus 595, Auckland Park 2006; faks dit na 011 713 9961 of stuur 'n e-pos na modendaa@beeld.com. Die sluitingsdatum is Donderdag 8 September en die wenners is 'n week later bekend. Soos gebruiklik word drie wenners getrek wat elk drie *Encore*-CD's met operamusiek ontvang.

Vraag 2 was: Wat is die naam van die Britse dirigent wat sedert September 2002 by die Italiaanse maestro Claudio Abbado oorgeneem het as hoofdirigent en artistieke direkteur van die Berlynse Filharmoniese Orkes? Die antwoord: **Sir Simon Rattle.**

Die Die drie wenners van die simfoniese kategorie, Encore Simfonies, is: **Annette Oudkerk** van Westville, **Martin Ryan** van Protea Park en **Katinka van Straaten** van Arcadia.

Geluk!

Aanstaande week word die antwoord verskaf en die wenners aangekondig van Vraag 3, en op 15 September sluit die kompetisie wanneer ons Vraag 4 se antwoord verklap, die drie wenners aankondig, asook die algehele wenner.

■ **Dié voortreflike EMI Encore-opnames is by talle winkels beskikbaar teen minder as R50 elk, en Classics and all that Jazz in Rosebank, Johannesburg, by ☎ 011 880 2780 (vra vir Peter Wilson) verkoop dit as 'n pakket – 'n eie keuse van vyf CD's in die reeks (van tientalle) @ R150, dus R30 elk.**